STELLENBERG-GEMEENTE

Jesus ons Verlosser leef!   Ons reik uit oor alle grense.

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

29 SEPTEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

KWARTAALTEMA

Ons leef in God se KONINKRYK

OGGENDDIENS

'n Oorvloed om uit te leef.

Lukas 16:19-31

AANDDIENS

'n Nuwe begin

Psalm 51

## EREDIENSTE

| | | | 29 September | | 6 Oktober | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 1 | Ds. Duvenhage | 2 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Geen diens | - | Ds. Breytenbach | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Geen diens | - | Ds. Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Geen diens | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Breytenbach | 12 | Ds. Duvenhage | 11 |

## ASEM-SKEP GEBEDSGROEP

Kom luister Dinsdagaand 1 Oktober om 18:30 in die kapel na dr. Azila Reisenberger. Sy is 'n rabbi, blykbaar die enigste vroue-rabbi in die Joodse geloofsgemeenskap, en ook 'n bekende kampvegter vir vroueregte . As eertydse hoof van die Hebreeuse departement by die Universiteit Kaapstad is sy ook 'n skrywer en digter in Hebreeus. Sy kom haar lewensverhaal met ons deel.

## KOSPROJEK

Die kosprojek is een van Stellenberg-gemeente se oudste naastediensprojekte, maar ROOI LIGTE flikker nou rondom die voortbestaan van dié projek. Bydraes het geweldig gekrimp en dit begin lyk asof die projek nie sal kan voortgaan met die voorsiening van voedselhulp aan minderbevoorregte gesinne nie. Ons doen 'n beroep op lidmate om bydraes tot die projek te maak. Enige niebederfbare kosbydraes is welkom. Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, of per EFT inbetaal word: ABSA-tjekrekening 145 058 1100, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

## JOU KIND EN SOSIALE MEDIA

**Saterdag 12 Oktober 09:00 tot 12:00, kleinsaal**

Maak jou kind digitaal veilig. Kom luister na die aanbieding oor die invloed van sosiale media. Nedine Blom, spreker, het onlangs haar meestersgraad in menslike handel voltooi.
Koste R120 p.p. sluit ligte eetgoed in.
Besprekings: Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## LEEF-MEER-WERKSWINKEL VIR VROUE

**Dinsdag 22 Oktober om 18:30 tot 22:00, kapel**

'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue. Bring jou lewenstas en maak dit 'n bietjie ligter – die werkswinkel skep 'n ruimte waar vroue net hulself kan wees en ontslae kan raak van die dinge wat hulle lewenstasse swaar maak.
Koste: R40 per persoon.
Besprekings by Anneke sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## VOSBURG-VLEIS TE KOOP

Potjiekosvleis @ R100 per kg is nog te koop. Die vleis kan by Raphaelsingel 45 afgehaal word. Tref asb. die nodige reëlings met Christine Ferreira by 083 440 2086.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Ons besoek 'n laventelplaas in die Canettevallei, buite Stellenbosch, op Woensdag 2 Oktober. Vertrektyd: 09:00. Ons gaan sien wat alles uit laventel vervaardig word en hoor wat die kenmerke van verskillende laventelgewasse is. Na afloop van die uitstappie geniet ons tee/koffie en iets soets by 'n restaurant in die omgewing. Koste R40 per persoon. Die uitstappie is vol bespreek, maar kontak vir Karin by 021 976 4519 om jou naam op die waglys te plaas.

## MEDITATIEWE DIENS 6 OKTOBER

Ons luister na tjellomusiek en gedigte. Daar sal geleentheid wees om kerse aan te steek en saam die nagmaal te vier.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### BREIGROEP

Ons kom weer Maandag 7 Oktober om 09:30 in die KOMITEEKAMER bymekaar.

Bring jou breiwerk en 'n vriend/vriendin saam.

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpsaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

## GEMEENTEBRAAI

Op Vrydag 4 Oktober braai ons weer saam in die markplein. Ons nooi alle lidmate om aan te sluit by die gesellige saamkuier. Bring jou eie vleis, drinkgoed, glase en eetgerei saam. Kole sal vanaf 19:00 gereed wees.

## VEILIGHEIDSBEAMPTE VIR FEESMARK

Die Feesmark benodig dringend die dienste van 'n geakkrediteerde veiligheidsbeampte wat bereid sal wees om teen vergoeding vanaf 23 Oktober tot 9 November by die Feesmark werksaam te wees. Kontak Marilize Verreyne by 021 910 3900/ feesmark@stellenberg.co.za

## STELLENBERG-FEESMARK

Die Feesmark begin op Woensdag 23 Oktober en duur tot Saterdag 9 November. Besoek gerus die Feesmark en restaurant weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00. Ons feesmark is die gemeente se grootste fondsinsamelingsprojek. 'n Derde van die feesmarkinkomste word vir getuienisprojekte aangewend en die res vir die gemeente se werksaamhede. Ons doen 'n beroep op lidmate om die mark te besoek en ook vriende uit te nooi. Uitstallers werk al sedert Meimaand baie hard om hulle voorraadvlakke op te bou en ons vertrou dat hulle ook die vrugte van hulle harde werk sal pluk.

## GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 3 Oktober om 15:00 en 15:45

Spreuke 4: Die woorde en waarde van wysheid oorgedra van geslag tot geslag!

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie. Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

### DURBANVILLE SENIOR'S HUB BIED AAN:

Saterdag 12 Okt om 10:30 by NG Kerk Durbanville-Bergsig.

Margie Chapman kom gesels met seniors oor gesonde veroudering. Mans en vrouens is welkom. Daar sal ook meer inligting oor die funksionering van die Durbanville Senior's hub met seniors gedeel word.

Kaartjies teen R80 elk kan by Marina 082 382 4280 bespreek word.

## STELLENBERG FINANSIES

Ons poog om maandeliks terugvoer oor ons gemeente se finansies te gee. As ons ons uitgawes in **drie kategorieë** verdeel, is die verdeling van die begrote inkomste van R10,7 miljoen vir 2020 soos volg :

- **UITBOU** (fokus na buite) **32%**
- **OPBOU** (fokus binne gemeente) **40%**
- **ONDERSTEUNING** (administrasie en eiendomme) **28%**

Tans dra ongeveer 600 lidmate (uit die 4 342 lidmate) op 'n maandelikse basis (d.m.v. maandelikse dankoffers) by tot die werksaamhede van die gemeente.

## HOE KAN JY BYDRA

Die gemeente se werksaamhede is afhanklik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot die gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE